TOELATINGSBELEID
van
HOËRSKOOL MONTANA

Die beheerliggaam van die Hoërskool MONTANA het ingevolge artikel 5(5) van die Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet 84 van 1996) die volgende beleid ten aansien van die toelating van leerders goedgekeur:

Woordomskrywing

In hierdie dokument, tensy anders bepaal of uit die samehang anders blyk, het woorde en uitdrukkings dieselfde betekenis as in die Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet 84 van 1996) en beteken

- "Beheerliggaam" die beheerliggaam van die skool soos voorsien in artikel 16 van die Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet 84 van 1996);
- "Grondwet" die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996);
- "Skoolhoof" die prinsipaal van die skool soos bedoel in die Suid-Afrikaanse Skolewet, asook 'n opvoeder by die skool wat met goedkeuring van die skoolhoof en die beheerliggaam namens die skoolhoof handel;
- "Regulasies" die regulasies oor toelating wat deur die Lid van die Uitvoerende Raad in die provinsie **WES-KAAP** afgekondig is;
- "Skool" die Hoërskool MONTANA;
- "Toelatingsbeleid" die toelatingsbeleid in hierdie dokument vervat.
- Enige ander woord sal die betekenis aanneem soos omskryf in die Wet op Nasionale Onderwysbeleid (Wet 27 van 1996) en die Suid Afrikaanse Skolewet (Wet 84 van 1996)

Uitganspunt en basis

Die uitgangspunt en basis van die toelatingsbeleid is dat volle effek gegee moet word aan al die fundamentele regte van leerders en van hulle ouers in onderwysverband soos erken in die Handves van Regte in hoofstuk 2 van die Grondwet.

Toelatingsbeleid is onderhewig aan ander wetlike bepalings

Die toelatingsbeleid is onderhewig aan die bepalings van die Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet 84 van 1996), saamgelees met Die Grondwet van die Republiek van Suid Afrika en alle ander toepaslike wetgewing en die toepaslike Regulasies wat geldiglik ingevolge hierdie Wet gemaak, vir sover die vermelde bepalings bindend op die skool en die beheerliggaam is.

Uitleg van toelatingsbeleid

Die toelatingsbeleid word so uitgelê dat dit met ander toepaslike en geldige regsbepalings oor toelating versoenbaar is, asook die Visie en Missie van Hoërskool Montana.

Sonder om die algemeenheid van artikel 3.1 te beperk, is dit die uitgangspunt van die toelatingsbeleid dat daar nie op enige relevante grond onbillik of onregverdig teen enige leerders gediskrimineer mag word nie.

Wie om toelating aansoek moet doen

- Aansoek om toelating moet deur die ouer of voog namens die volgende leerders gedoen word
  - Elke leerder wat nie die vorige skooljaar in die skool as leerder toegelaat is nie en wat aan die ouderdomsvereiste voldoen.

Prosedure by aansoek om toelating

- Alle aansoeke om toelating tot die skool namens 'n leerder, moet via die WKOD aanlynstelsel gedoen word. Die sluitingsdatums vir nuwe graad 8-aansoeke word deur die WKOD bepaal.
- Nuwe leerders wat aansoek doen om toelating tot die skool, moet die skool se inligtingsdokument (by skool beskikbaar) volledig invul en aan die skool terug besorg so spoedig moontlik.
- 'n Aansoek om toelating word deur die toelatingskomitee van die skool bepaal, in samewerking met die skoolhoof.
- Die aansoek moet vergesel word van alle dokumentasie, of ware afskrifte daarvan, wat ingevolge die inligtingsdokument voorgelê moet word.
  - Behoorlik voltooide aansoekvorm
  - Amptelike geboortesertifikaat of ID indien van toepassing
  - Indien die leerder nie oor 'n geboortesertifikaat beskik nie word die leerder voorwaardelik toegelaat en moet die ouer 'n sertifikaat bekom by Binnelandse Sake binne 90 kalenderdae nadat die kind voorwaardelik toegelaat is
- 'n Aansoek om toelating moet voor die voorgeskrewe datum wat deur die WKOD bepaal word ingedien word, met die verstande dat:
  a. die skoolhoof om enige gegronde rede van die tydsbepalings ten aansien van aansoeke om toelating afstand kan doen.
  b. Persone wat as onwettige immigrante beskou word, moet by aansoek om toelating van hul kinders of hulself bewys lewer dat hulle ingevolge die Wet op Vreemdelingebeheer (Wet 96 van 1991) by die Departement van Binnelandse Sake aansoek gedoen het om hul verblyf in die land te wettig.
  c. Nie Burgers moet hulle Studiepermit toon en ouers moet hulle dokumente van verblyf toon of toon dat hulle aansoek gedoen het by Binnelandse Sake ingevolge die wet op Vreemdelingbeheer
  d. Leerders met spesiale behoeftes word toegelaat waar dit redelik en prakties moontlik is. Indien die skoolhoof van mening is dat dit nie prakties moontlik is om so 'n leerder toe te laat nie moet die aansoek verwys word na die Hoof van Onderwys WKOD, sodat hy kan poog om die leerder by 'n ander geskikte skool in die provinsie in te skryf. Voordat die Hoof van Onderwys WKOD, hierdie verwysing doen moet daar oorleg gepleeg word met die leerder, ouers, opvoeders en ander betrokke steun personeel.

- Indien dit blyk dat 'n aansoek om toelating wesenlik foutiewe inligting bevat word so 'n aansoek verwerp. Enige toelating wat op grond van wesenlik foutiewe inligting verkry is, is ongeldig.
- Ouers moet bewys lewer dat kinders ingeënt is vir Polio, Masels, TB, Witseerkeel, Klem in die Kaak en Hepatitius B. As hulle dan nie bewyse het nie, moet die hoof hulle inlig dat hulle gratis ingeënt kan word deur die gratis primêre gesondheidsorg program.
- Ouers moet skriftelik bevestig dat hulle die volgende beleide gelees het en dit begryp:
  - SBL Grondwet
  - Skool se taalbeleid
  - Die gedragskode vir leerder en
  - Die skool se toelatingsbeleid

  (Beskikbaar tydens OPEDAG en op die skool se webtuiste :www.monties.co.za)

Bevoegdheid om leerder tot skool toe te laat en rol van beheerliggaam

Behoudens die bepalings van die toelatingsbeleid het die skoolhoof die bevoegdheid om 'n leerder tot die skool toe te laat as hy of sy oortuig is dat aan al die vereistes vir sodanige toelating voldoen word en dat daar redelikerwys ruimte, fasiliteite en ander hulpbronne is om die betrokke leerder by die skool te akkommodeer en aan die leerder se opvoedkundige behoeftes te voldoen.

Die beheerliggaam kan aan die skoolhoof redelike riglyne verskaf, wat nie met hierdie beleid strydig is nie, wat hy of sy by die oorweging van 'n bepaalde aansoek of aansoeke om toelating in die algemeen in ag moet neem.

Die beheerliggaam kan na goeddunke van die skoolhoof 'n verslag aanvra ten aansien van die wyse waarop die toelatingsbeleid in die algemeen of in 'n bepaalde geval toegepas word.

Algemene kriteria wat by die toelating van leerders in ag geneem moet word

By die oorweging van elke aansoek om toelating, moet die skoolhoof die volgende faktore behoorlik in ag neem:

- Die toepaslike vereistes in die Regulasies.
- Die feit dat 'n leerder se ouer of voog permanent in die onmiddellike omgewing van die skool woonagtig is en die skool die naaste redelikerwys toeganklike hoërskool aan sodanige woonplek is.

Die natuurlike voedingsgebied van die skool is Worcester, dus waar Montana die naaste skool aan jou woonadres of werksadres is. Leerders buite die voedingsgebied sal oorweeg word op grond van akademiese prestasie, deelname aan sport en kultuur en leerders met geen dissiplinêre rekord by vorige skool nie en die vermoë om skoolfonds te betaal.

- Die feit dat 'n leerder se ouer, broer of suster 'n leerder by die skool is of was.
- Die redelike beskikbaarheid en toeganklikheid van ander skole in die omgewing waar die leerder se fundamentele regte op taal (afrikaans medium) , kultuur en godsdiens in onderwysverband behoorlik uitgeoefen kan word.
- Die werklike of potensiële akademiese vermoë van 'n leerder. Graad 8 en 9 leerders moet wiskunde met ten minste met 'n persentasiepunt van 45%, die voorafgaande jaar geslaag het.

- Enige ander faktor wat na die mening van die skoolhoof of die beheerliggaam redelikerwys in ag geneem behoort te word by die oorweging van 'n aansoek om toelating.

Sekere besondere vereistes vir toelating tot die skool

Benewens enige ander vereiste wat volgens die toelatingsbeleid of deur die reg gestel word of gestel mag word, kan 'n leerder net tot die skool toegelaat word –

- indien daar ruimte, fasiliteite en ander hulpbronne in of by die skool is om die leerder te akkommodeer ingevolge die redelike norm dat die skool vol is. (Die getal leerders wat per vertrek akkommodeer kan word (±2m² per leerder)
  WKOD OMSENDBRIEF : 0046/2004 par 4.4.6
- vanaf graad 8 tot 12 en as daar in die algemeen hoogstens 37 leerders per klas is (ook ten aansien van keuse-vakke wat 'n potensiële leerder wil neem):
  Die volgende faktore is by die bepaling van die skool se kapasiteit (maksimum leerders) in ag geneem:
  - ❖ Dat die leerder se belange voorkeur geniet
  - ❖ Die aantal beskikbare opvoeders
  - ❖ Die beskikbare ruimte vir administratiewe behoeftes
  - ❖ Die beskikbare aantal geskikte klaskamers
  - ❖ Die behoefte aan ruimte vir sport-, kultuur- en ontspanningsaktiwiteite
  - ❖ Die besikbare ruimte in die bestaande media- en rekenaarsentrums, wetenskap en tegnologielaboratoriums en die skoolsaal
  - ❖ Die beskikbare sanitêre geriewe
  - ❖ Parkeergeriewe
  - ❖ Veiligheidsmaatreëls
  - ❖ Internasionaal erkende beste praktyk met betrekking tot klas groottes ten einde doelmatige en doeltreffende onderrig van gehalte te kan lewer
- *Met dien verstande dat indien 'n potensiële leerder toelating verlang nadat die skooljaar reeds amptelik begin het en wie se vakpakket nie ooreenstem met een van die vakpakkette wat deur die skool aangebied word nie, se toelating slegs goedgekeur sal word indien daar besondere redes bestaan om toelating te verleen en dit redelikerwys moontlik is om die leerder te akkommodeer.*
- indien die leerder nie ouer is as die volgende ouderdom in die betrokke graad nie:
  - Graad 8: 14 jaar
  - Graad 9: 15 jaar
  - Graad 10: 16 jaar
  - Graad 11: 17 jaar
  - Graad 12: 18 jaar

  ('n Leerder wat grade herhaal word nie aan die ouderdoms vereistes getoets nie mits die leerder nie 3 jaar ouer as die graad se norm is nie)
  i. *'n Leerder kan bogenoemde ouderdomsperk hoogstens die voorafgaande November of Desember bereik, anders moet die ouderdom die betrokke jaar bereik word.*

ii. Indien die leerder se ouer skriftelik onderneem dat die leerder die gedragskode van die skool (ingevolge artikel 8 van die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996 daargestel) stiptelik sal nakom en dat die ouer alle redelike stappe sal doen om sodanige nakoming te verseker;

iii. Indien die leerder se ouer skriftelik onderneem om die toepaslike skoolfonds te betaal deur ondertekening van die standaard-ooreenkoms van die skool in hierdie verband.

Waglys

Indien 'n leerder nie tot die skool toegelaat word nie maar die betrokke leerder wel vir toelating kwalifiseer indien daar nie voldoende ruimte, fasiliteite en ander hulpbronne by die skool beskikbaar is volgens die norme in artikel 8.1 na verwys nie, moet die skoolhoof sodanige leerder se naam op 'n waglys plaas. Die skoolhoof kan op 'n billike wyse toelating verleen aan leerders wie se name op die waglys is wanneer ruimte en fasiliteite beskikbaar raak.

Reg van Appél

Enige leerder of ouer van n leerder wat toelating tot 'n openbare skool geweier is, kan ingevolge art 5(9) van die Suid-Afrikaanse Skolewet by die lid van die Uitvoerende Raad teen die besluit applleer.

Hierdie beleid geld tans ten opsigte van alle toelatings tot die skool. Die SBL kan die beleid van tyd tot tyd aanvul of wysig

Bogenoemde beleid is goedgekeur deur die Beheerliggaam van Hoërskool MONTANA op die 6 dag van Maart 2025

Voorsitter: Beheerliggaam

Skoolhoof